

Donderdag 19 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2

Fokusgedeelte: Openbaring 1:4

Is ons getrou aan die Here Jesus? (2)

Die gemeente van Efese het die tempel van Diana by hulle gehad, waarheen duisende mense uit die destydse wêreld gekom het om te aanbid. Hulle was deur God in so 'n situasie geplaas dat hulle die geleentheid gehad het om te getuig en te stry teen valshede van buite. Hierdie voortreflikheid het Hy raakgesien. Maar Hy het tog ook die verkoeling in hulle liefde waargeneem.

Die gemeente se eerste liefde was die Here. Die feit dat hulle die kwaad nie kon verdra nie. Die Here weet hoeveel moeite hulle gehad het om hulle geloof suiwer te nou. Hy weet ook dat dit altyd met smaad van buite gepaardgaan en met innerlike hartseer wanneer hulle tekort geskiet het in hulle stryd. Dit verdien lof dat hulle ter wille van die Naam van Christus nie moeg geword het nie, maar aangehou het met stry.

Hierdie gemeente het ook die tug streng gehandhaaf. Hulle het die werke van die Nikolaïete gehaat. Die Nikolaïete was volgelingen van Nikolas wat in Handeling 6:5 verkies is. Hierdie mense was die mense wat hulleself in hulle tyd as die beter mense beskou het. Die Nikolaïete het gedink hulle het 'n wyer uitsig op die lewe as die ander verkramptes. En toe het die Nikolaïete met hulle wyer wysheid hand-aan-hand met die wêreld begin lewe. So het 'n hele groep gelowiges – 'n hele gemeente – hulle liefde vir die Here verloor, terwyl hulle ten volle daarvan oortuig was dat hulle Hom nog dien.

Die punt is net dat die oorwinning van ons Here oor die sonde – en waarin God die Heilige Gees ons lei – ons die gawe van onderskeiding gee om hierdie valstrik te kan vermy.

Laat ons ons God en Here besinnend eer. Laat ons ons eie voorkeur prysgee, want Hy het sy lewe op aarde prysgegee vir my!

Sing: Psalm 89-1:15

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)